

REEKS: GOD IS...

KLEINGROEP ONTMOETING 5

God is... in die stilte



A: KOFFIE

Elkeen kry 'n koppie koffie in die hand – deel met mekaar hoe julle dag/week was.

B: GEBED

Iemand wat bereid is, kan met 'n kort gebed open.



C: VIDEO-GREEP

Kyk saam na die volgende 10 min video van Rob Bell 05: Noise
https://www.youtube.com/watch?v=9XFoReR_XBE&list=PLZqQAL59YuA1gCibOPeBQ41knelWqM0FU&index=5

D: WANDEL IN DIE WOORD

Vra iemand om die volgende te lees:

Teks gedeelte: 1 Konings 19:11-12

¹¹ Maar die Here sê vir Elia: “Kom uit, en gaan staan op die berg voor My, die Here, Ek wil verbygaan.” Skielik was daar 'n baie sterk wind wat die berg stukkend geruk en die rotse gebreek het voor die Here. Maar in die wind was die Here nie. Na die wind was daar 'n aardbewing. Maar in die aardbewing was die Here nie. ¹²Na die aardbewing was daar 'n vuur. Maar in die vuur was die Here nie. En na die vuur was daar 'n **fluistering in die windstilte**.

Nog teksgedeeltes:

Deut 27:9; Ps 4:5; Hab 2:20; Mat 11:28-30



E: GESELS SAAM

Maak beurte in die groep om oor 1 of meer van die volgende te gesels:

1. Hoekom is dit so moeilik om stil te word?
2. Hoe gereeld hou jy stiltetyd? Wat behels jou stiltetyd?
3. Wat is die stemme (geraas) wat die hardste in jou lewe is?
4. Hoe hoor jy God se stem in jou lewe?
5. **Ons soek God altyd in die groot dinge (wind, aardbewing, vuur). Dink aan die alledaagse en onopsigtelike dinge (fluistering) waar God in jou lewe teenwoordig is.**

F: UITDAGING VIR DIE WEEK

Groep besluit self op 'n aktiwiteit om hierdie week se boodskap prakties uit te leef. Fokus op groei en uitreik.

Voorbeelde: Dit is belangrik om tyd vir stilte in jou lewe te maak. Gaan as groep saam strand, berge of botaniese tuin toe. Word saam stil en wees in "awe" van God en sy skepping. Luister die volgende lied in jou stiltetyd (Lied 519 Wees stil en weet)

<https://www.youtube.com/watch?v=ui8FVIY-j1o>

G: GEBED & SAAMKUIER

Vra vir spesifieke gebedsversoeke. Gee geleentheid vir gebed. Kuier nog bietjie saam 😊



REEKS: GOD IS...

KLEINGROEP ONTMOETING 5

God is... in die stilte GESPRESRIGLYNE (Ds Cor Swart)



ONTHOU...

Die volgende riglyne kan help om moeilike vrae in die gesprek te hanteer asook om saam te groei in ons geloof en verstaan van God:

Een van my kollegas het altyd die opmerking gemaak – daar is ’n rede hoekom jy twee ore en een mond het. Ons moet meer luister en minder praat! Tog wil ons so graag gehoor word, so graag ons lewens volprop met gejaag na iets.

Ons is so besig, daar is soveel geraas in ons lewens, dat dit dikwels moeilik is om ’n oomblik stil te word, totdat ons uitgeput in die aand in die bed gaan lê. Dalk is dit die een positiewe ding van COVID-19 – dit so bietjie van die gejaag minder gemaak omdat ons gedwing was meer tyd by die huis en met mekaar te spandeer.

Het jy al ooit gewonder hoekom praat ons van “stiltetyd” wanneer ons persoonlike Bybelstudie hou? Want die doel daarvan is om nie te praat nie, maar te **luister na God**. Ons kan slegs God se stem hoor wanneer ons eie stem stil raak. Ons kan slegs God se stem hoor wanneer die wêreld se stem nie die hardste stem in ons lewens is nie. Die stemme en klanke wat die hardste in ons lewens is, is die waarna ons luister. As die skool, werk of ons ambisie die hardste roep, is dit waaraan ons aandag gee.

Daar is baie stemme – die van ons gesin, ons familie, ons vriende, ons geloofsvriende wat baie belangrik is om te hoor. Maar die belangrikste stem wat vir ons perspektief, hoop en lewe gee, is die stem wat dikwels uitgedoof word deur al die geraas.

Maak tyd vir “stiltetyd” – tyd met God. Hoor God se fluistering in die windstilte. Dit behels nie net Bybel lees nie – dit behels bewus wees van God se teenwoordigheid as jy kyk na die pragtige Outeniqua berge of die branders hoor breek op Heroldsbaai se strand.

God

